HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nommer 26 van 2020

28 Augustus 2020

Geagte Ouers/Voogde, Personeel en Leerders

1. Brug oor Malibongwe

Een van die dae gaan ons brug klaar wees. Eerskomende naweek word die beton-struktuur gegiet en dan moet die konstruksie tien dae staan sodat die beton behoorlik hard kan word. Daarna volg die afwerking en finale fase. Sterpunte moet vasgesweis word, handreëlings moet aangebring word en ’n veiligheidsreëling moet bo-op die brug se loopvak aangebring word. Laaste word die sterpunte met LED-ligte verlig en voorsien ons dat hierdie brug ’n bekende landmerk in Randburg gaan word.

Die sypaadjie word ook opgeknap. Die hele oppervlak is met beton bedek en ’n nuwe veiligheidsreëling word opgerig.

Ons kan nie wag dat ons leerders Malibongwe veilig kan kruis nie.

Dankie vir almal se geduld. Een van die dae.....

2. Klubhuis

Ons klubhuis se boonste vlak is voltooi en ons spog met ’n nuwe veeldoelige lokaal. Vir eers gaan ons dié ruimte as ’n groter klaskamer gebruik. Ons kan meer as 20 leerders, deur steeds te voldoen aan die vereiste vir sosiale distansiëring, huisves.

3. Prysuitdeling 2021

Met Kovid-regulasies steeds in plek kan ons nie ’n normale aand-prysuitdelingseremonie hou nie. Vir eers wag ons om te sien hoe die regulasies verander en wysig voordat ons beplan aan die prysuitdeling wat vroeg in 2021 moet plaasvind (graad 11 – graad 8). Ons beoog om toekennings te maak vir aktiwiteite wat wél in 2020 plaasgevind het. Ons merietekode sal slegs, waar nodig, eenmalig aangepas word.

4. Matriek-Kerkdiens en Prysuitdeling 2020

Hierdie is vir ons ’n belangrike tradisie wat waarde toevoeg tot ons jaarlikse skoolkalender. ’n Nuwe gedagte is om die kerkdiens en prysuitdeling op Dinsdagoggend, 3 November op die skoolpaviljoen te hou. Al die graad 12-leerders woon die seremonie by, waarna ons dan ook die klokseremonie sal hou om van ons tradisies behoue te laat bly. Ons ondersoek die moontlikheid om die gebeure dan lewendig te beeldsend sodat ouers dit kan volg op sosiale-media-platforms. Ongelukkig kan ons nie ouers en ander besoekers by die geleentheid toelaat nie, aangesien ons steeds die beginsel van sosiale distansiëring moet nakom. Meer detail sal volg.

5. Skoolbywoning

- *Leerders:* Met volle begrip vir omstandighede ervaar ons ’n hoë afwesigheidsyfer per dag. Daar was gister bv. 18 graad 9-leerders afwesig. Afwesighede sluit in: leerders met ko-morbiditeite wat tuis studeer, leerders in self-isolasie, leerders wat siek is en dan ongelukkig ’n paar kandidate wat sommer net by die huis bly. Ons verstaan die vrese wat vir Kovid-19 heers, maar weet ook dat die skool aan alle protokolle voldoen om leerders en onderwysers veilig te hou. Ons moedig ons leerders aan om skool by te woon indien hulle gesond is en nie onderliggende siektetoestande het wat die risiko van infeksie onredelik verhoog nie.
- *Personeel:* Dis winter en mense kry ook gewone griep of verkoue. Omdat van dié simptome in sommige gevalle dieselfde is as die Kovid-simptome, is almal eerder oorversigtig en bly hulle tuis. Ons verwag dit ook van die leerders om met verkoue-griepsimptome tuis te bly. Genadiglik is ons tot op hede ’n uitbreek van Kovid-19 gespaar.

6. Elektroniese leerder-bywoningskontrole:

Ons moet daagliks teen 09:00 vir die Departement ’n gedetailleerde teenwoordigheidsverslag (met redes vir afwesighede) gee en poog om met hierdie vraelys baie telefoonoproepe uit te skakel en het ’n stelsel geloods waarmee ouers elke skooldag rapporteer of die leerder skool gaan bywoon of nie. Elke ouer het ’n e-pos, soos hier onder vertoon, ontvang:



HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

Geagte Mnr. [redacted]

Graag vra ons dat u asb. op ’n daaglikse basis die vraelys hieronder sal voltooi om vir ons aan te dui of [redacted] skool gaan bywoon, al dan nie.

Dit is slegs nodig op dae wat graad 10 skool toe kom en behoort ’n maksimum van twee minute te neem.

Ons moet daagliks vroeg vir die departement ’n gedetailleerde verslag gee met teenwoordighede en afwesighede (asook redes vir afwesighede) so dit sal ons besonder baie help as u hierdie sal invul.

Gebruik asb. die toelatingsnommer [redacted] vir [redacted] Let daarop dat u asseblief die vraelys daagliks *per kind* moet invul.

Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Randjiegroete.

Tik hierdie skakel in u webblaaier in of skandeer eenvoudig die QR kode regs

https://bit.ly/HSRBDV2020





Graag vra ons weer dat u daagliks dié vraelys by die volgende skakel (https://bit.ly/HSRBDV2020) sal voltooi om aan te dui of u kind/kinders die skool gaan bywoon. U word vriendelik versoek om vir elkeen van u kinders 'n aparte vraelys te voltooi, deur van die unieke leerderkode wat aan u voorsien is, gebruik te maak.

Hierdie vraelys moet asb. slegs op die dae **wat die leerder by die skool moet wees**, ingevul word. Bv. indien u kind in graad 10 is en hulle hierdie week Maandag, Woensdag en Vrydag by die skool moet wees, moet u asb. vir ons Maandag, Woendag en Vrydag die vraelys invul.

Daar is twee opsies waarvan u kan kies:

1. Kom die leerder skooltoe? Indien "**ja"**, voltooi asb. dan die vrae wat outomaties sal verskyn.
2. Indien "**nee"**, versoek ons asb. 'n rede vir die afwesigheid ('n keuselys sal ook outomaties verskyn).

Onthou asb. u hoef slegs die vraelys te voltooi op die dae wat u kind by die skool moet wees. Hierdie oefening behoort nie meer as twee minute van u tyd in beslag te neem nie.

MATRIEKS

Aangesien die matrieks tans eksamen skryf en blok, hoef matriekouers slegs op die dae wat die leerder 'n vak skryf, die vorm in te vul. Blokdae word dan as teenwoordig gemerk. Wanneer die eksamen verby is, sal matriekouers wéér daagliks die vorm moet invul. Tydens die Rekord- en Eindeksamen herhaal die proses, soos gedurende die toetsreeks gedoen word.

Ons maak staat op almal se samewerking en sê by voorbaat baie dankie!

7. Personeel

Mnr. Adriaan van Jaarsveld verlaat ons aan die einde van die week om oorsee te gaan skoolhou. In sy plek verwelkom ons mev. Charlotte Coetzee, 'n ou bekende in ons geledere. Sy is 'n baie bekwame en 'n ervare leerkrag en ons is baie bevoorreg om haar dienste te kon bekom.

Juf. Melinda Eksteen het tydens die Julie-vakansie in die huwelik getree en staan nou as mev. Herselman bekend. Ons beste wense vergesel die huwelikspaartjie en mag die toekoms vir hulle goed wees.

VAKATURE:

Ons is op soek na ’n ervare en spesiale Wiskunde-onderwyser vir 2021. Help werf vir ons die BESTE kandidaat met wie ons ’n lang pad sal kan loop. Dié persoon moet graad 12-ervaring hê en ’n bewese rekord van prestasie kan aanbied.

8. Skoolsanitasie

Die Departement van Onderwys het ons skool gesaniteer en behoorlik skoongemaak. Vensters, mure, vloere en meubels is gewas in ’n proses wat drie dae geduur het. Ons is dankbaar aangesien dié diens gratis aan ons skool verskaf is.

9. Beplanning vir die res van die jaar

In Algemene Oueromsendbrief nommer 25 van 2020 het ons ’n omvattende beplanning vir die res van die jaar uiteengesit. Ons versoek dat elkeen die skrywe sorgvuldig sal bestudeer. Daar was versoeke om op 25 September die skool vir ’n lang naweek te sluit (24 September is Erfenisdag). Ons kan ongelukkig nie aan die versoek voldoen nie. Die graad 12-leerders skryf Rekordeksamen en op Vrydag, 25 September skryf hulle Wiskunde. 25 September is op die amptelike gewysigde skoolkalender vir 2020 aangedui as ’n normale skooldag.

10. Matriekafskeid

Op 23 Oktober gaan ons vir die Matrieks ’n afskeid by die skool aanbied. Baie streng Kovid-voorsorg-maatreëls gaan geld. Om getalle te beperk kan ons ongelukkig nie buitestaanders toelaat nie. Met die huidige getal graad 12-leerders moet ons voorsiening maak vir drie versamelareas om binne regulasies te bly. Spesiale reëlings word getref om die aand suksesvol te kan laat plaasvind. By voorbaat dankie vir ons span ma’s wat alles reël. Ons weet dat hulle dit steeds ’n spesiale aand vir elke matrikulant sal maak.

Daar is beplan dat graad 12-leerders die week van die afskeid spesiale kontaksessies in hulle onderskeie vakke gaan hê en hou asb. die oggend oop vir klas by die skool.

Ons het ook Vrydagaand gekies sodat diegene wat dalk vir die week vakansie (26 – 30 Oktober) wil weggaan, reeds Saterdagoggend kan vertrek.

11. Akademie

Graad 12:

Die beplanning spreek vanself met die normale Rekord- en Eindeksamen om die draai. Ons moedig ons graad 12’s aan om hard te leer. By gebrek aan vele skoolaktiwiteite is hierdie, dié een aspek van die graad 12-jaar, wat betekenis kan gee aan 2020. Kry die beste resultate moontlik, en wees ’n Kovid-wenner. Dit hoef nie ’n “verlore” jaar, vir julle te wees nie.

Graad 11 & 10:

'n Formele toetsrooster volg vanaf week 4 soos in ons beplanning aangedui. By gebrek aan 'n Junie-eksamen kan ons nie die belangrikheid van hierdie toetse oorbeklemtoon nie. Twee toetse word per week geskryf, telkens aan die einde van die skooldag. Leerders kan nie by die huis bly en eers 13:00 opdaag vir hulle toetse nie. Hulle móét die oggend by die skool wees. Ons maak staat op u samewerking in die verband.

Graad 8 & 9:

Graad 8- en 9-leerders gaan deurlopende toetse, take en werksopdragte doen wat vir hulle jaarpunt sal tel. Dit is 'n geleentheid om baie goed te doen, aangesien elke assesseringsmoment oor 'n afgebakende gedeelte van die werk sal gaan. Die jaarpunt gaan ook vir promosiedoeleindes 'n gewig van 80% dra soos deur die Departement van Onderwys vereis. Ons iuniors moet hierdie geleentheid aangryp om goeie punte te behaal.

Sillabusse:

Die Departement van Onderwys het vir alle grade, behalwe graad 12, gewysigde sillabusse gepubliseer. Die plan blyk te wees om dan vir die volgende twee jaar, in hul volgende grade, ekstra inhoud in te werk sodat alles teen graad 12 gedek is. Met ons skool se *Google Classroom* projek is ons egter op datum met die gewone sillabusse, en gaan ons in 2020 reeds al die leerinhoud dek.

November Interne Eksamen:

Daar is begroot vir 'n vyf-week-eksamen wat ons antisipeer verkort sal word na drie tot vier weke. Daar word voorsiening gemaak vir die merk van vraestelle en verwerking van punte wat ook op datums wat nog moet volg, by die Departement, vir goedkeuring, ingedien moet word. Sodra ons ook datums van moontlike eksterne departementele vraestelle in sommige vakke het, sal ons dadelik 'n eksamenrooster opstel en publiseer.

Rapporte 2020:

Volgens beplanning word rapporte vir 2020 uitgedeel op Dinsdag, 15 Desember. Matriekuitslae word eers volgende jaar verwag.

12. Dankie

Kovid-19 het ons vanjaar voor ongekende uitdagings te staan gebring. Nie een van ons het geweet wat om te verwag en hoe dinge gaan werk nie. Tog funksioneer ons skool baie goed en het ons 'n onderrig-leermomentum behou om akademie, as kernaktiwteit van ons skool, gestand te doen.

Ons buite-kurrikulêre program het vanjaar gedisintegreer, waaroor ons baie teleurgesteld is, maar tog verstaan.

2020 het ons geleer dat ons krag nie in individue lê nie, maar in die sinergie en spontane samewerking van al ons rolspelers. Ek dink eerste aan ons kinders wat aanlyn moes leer. Dit is intens, vereis baie self-dissipline, is uitdagend en alleen. Dit neem ook soveel meer tyd. Tog het hulle goed aangepas. Party het selfs hierdie werkswyse bo gewone skool verkies.

Ons ouers het skielik nuwe verantwoordelikhede bygekry en moes binne ekonomiese druk nog die pot aan die kook hou en skoolhou ook. Ondanks vele uitdagings het ons ouers aanhou skoolgelde betaal en positief op skoolinstruksies en versoeke gereageer. Sonder julle ondersteuning was ons nou in groot moeilikheid.

Ons Beheerliggaam het die skool onvoorwaardelik ondersteun en deurlopend bygestaan. Ons is baie dankbaar vir die ingesteldheid van ons span wat altyd die belang van ons leerders eerste stel.

Ons onderwysers het 'n nuwe uitdaging met groot sukses aangepak en 'n werksetiek openbaar wat 'n blywende indruk veroorsaak het. Tydens die grendeltydperk het hulle elke dag gewerk om ons leerders by te hou met hul skoolwerk. Daar was nie 'n afdag of vakansie anders as die twee weke wat hulle in Junie gekry het nie. Dit is alles gedoen sonder enige klagte of teenspraak en met toewyding waarvoor ons baie dankbaar is. Ons kon nie vir beter gevra het in hierdie tye nie.

Ons Kovid-span en skoolbestuurspan het behoorlik bont gestaan om te beplan, te antisipeer en voor te berei. Dankie vir die leierskap en insig wat julle openbaar het.

Dankie aan ons terreinwerkers wat elke dag steeds ons klasse en kleedkamers saniteer en skoonmaak. Ons waardeer wat hulle doen.

Mag ons almal met nuwe insigte en perspektiewe anderkant Kovid-19 die werklik belangrike aspekte van menswees na behore uitleef.

13. Ons Kovid statistiek van die laaste twee weke:

Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		Augustus					Augustus				
Datum		17	18	19	20	21	24	25	26	27	28
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	1	1	1	
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1	1	1	
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	2	2	2	2	2	2	2	2	2	
	Siekverlof (nié Kovid-19-verwant)	1	1	1	1	1	1	1	3	2	
	Gewone verlof	4	2	1	3	3	0	0	0	0	
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	1	1	1	
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1	1	1	
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**2**	**2**	**1**	**2**	
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	2	11	3	12	
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	1	1	0	0	1	8	0	8	3	
	Afwesig ander rede	0	16	120	59	97	110	33	141	113	
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	2	2	2	2	2	2	2	2	2	0
	Herstel van Kovid-19	2	2	2	2	2	2	2	2	2	0
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**2**	**2**	**1**	**2**	**0**
	Komorbiditeit afwesig	2	2	2	2	2	4	13	5	14	0
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	2	2	1	1	2	9	1	11	5	0
	Verlof/Afwesig ander rede	4	18	121	62	100	110	33	141	113	0
			Gr 12-toetsreeks					Gr 12-toetsreeks			

Afwesighede hoog agv. bloktyd en toetsreeks

14. Slot:

Ons wens elke gesin voorspoed toe. Ons vertrou dat die verligting na vlak 2 alreeds ’n groot verskil vir ons mense gemaak het. Mag die tydperk van ontbering spoedig agter ons wees sodat ons kan herbou aan dit wat alles verlore gegaan het.

Vriendelike groete.

Pieter Booysen: Hoof